Publication: Burger,Die(Wes-Kaap) (Main)
Pub date: 6/3/2015 1
Page: 7
AVE: 10936.96
Circulation: 61484
Part: 1 of 1

'Toerisme-ramp dreig oor geboortesertifikate'

Bombi Mavundza

JOHANNESBURG. – "Ons stuur af op 'n absolute ramp in gesinstoerisme," meen Otto de Vries, uitvoerende hoof van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Reisagente (Asata).

Toeroperateurs is die josie in omdat minderjarige reisigers nou 'n volledige geboortesertifikaat nodig het om die land binne te kom of te verlaat.

Albei ouers se besonderhede moet op die geboortesertifikaat wees. Dit is 'n poging om kinderhandel te stuit.

Kinderhandel is wêreldwyd 'n kwessie, maar die probleem lê nie by lughawens nie, het De Vries op 'n mediakonferensie van die vereniging vir toeristekantoorverteenwoordigers gesê.

Otto de Vries

Die probleem lê by die land se poreuse grense. "Dit is maklik om deur 'n gat in 'n heining wat nie behoorlik gepatrolleer word nie, te klim.

"Die omkopery van grensbeamptes deur mense wat nie wettige dokumente het om in die land te wees nie, moet met optrede en nie wetgewing nie gehanteer word."

Volgens De Vries moes die regering Interpol eerder gevra het om te help met behulp van inligting van lugdienste.

Die toerismebedryf maak volgens hom tot 9% van die land se ekonomie uit.

Die departement van binnelandse sake moes 'n studie gedoen het om te bepaal hoe ander lande kinderhandel voorkom. Asata en ander toerismeorganisasies sou graag gehelp het, het De Vries gesê.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.